

**APRIL: God se vernuwingsstroos is onstuitbaar en geklee in heiligheid**

**Maandag 15 April**

**Skrifgedeelte: Openbaring 19:1-10**

**Fokusgedeelte: Openbaring 19:7**

**Is jy gereed?**

Is ek gereed om te sterf? Is ek gereed om ewig te lewe? Is jy en ek gereed vir die fees van God? Die bruilof van die Lam.

Die Bybel volg 'n lyn van ontwikkeling. Dit begin in 'n tuin, met iets soos vrugteslaai. Dit eindig in 'n stad met 'n bruilof. Van vrugteslaai tot feesmaal. Wat 'n genade. Van kaal en bang (vgl. Gen. 3:10) tot bruid en koningskind.

En hoe kan ons voorberei vir die fees? Deur die regte klere aan te trek. Wat is die regte klere? Dit is fyn, helder en blink. Dit is suiwer en mooi. Dit is dae van dankbaarheid. Dade van gehoorsaamheid (vgl. Op. 19:8). In sy volste betekenis is dit ook om beklee te wees met Jesus (vgl. Gal. 3:27, AFR2020).

Dus: om die vraag te beantwoord of ek gereed is, moet ek kyk na Jesus. Sy volmaakte werk. Sy geregtigheid. Sy genoegsaamheid vir my. Niemand kan my uit sy hand ruk nie (vgl. Joh. 10:28).

My dae van dankbaarheid is 'n gevolg van my redding, nooit 'n vereiste daarvoor nie. Dit is 'n groot troos.

*Sing: Skrifberyming 3-4:1-5*

*Ds. WM (Willem) van der Waal (Linden)*